

VROUWE IN DIE TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE VAN DIE AFRIKAANSE GEREFORMEERDE TRADISIE¹

M-A *Plaatjies*
C *Landman*
Universiteit van Suid-Afrika

Abstract

Women in the theological anthropology of the Afrikaans reformed tradition

This article presents poststructural systematic theological research on women in the theological anthropology of the Afrikaans reformed tradition between 1924 and 2002. The central aim is to demonstrate, against the development of the women ministries and the discourse about the ordination of women, that the theological anthropology of the Afrikaans Reformed tradition is deeply influenced by the discursive practices which were established during 1928 to 1932. This article develops a different approach to the women question. At the heart of the discourse is the shift in the reading process. A poststructural feminist discourse is presented and selected guidelines that the church may wish to take into account in the deconstructing of the theological anthropology are suggested. In future, the frame of reference to the women question would likely be poststructural.

1 TEORETIESE RAAMWERK EN METODOLOGIEE AANPAK

Studia Historiae Ecclesiasticae, June/Junie 2005, Vol XXXI, No/Nr 1,
225-246

Die doelstellings van hierdie artikel is,

- eerstens, om 'n poststrukturalistiese sistematis-teologiese ondersoek na vroue in die theologiese antropologie van die Afrikaanse gereformeerde tradisie tussen 1924 en 2002 te doen,
- tweedens, om aan te toon hoe die bestaande rolle en roerverwagtinge vir vroue in die genoemde tydvak fundamenteel deur taal gevorm is, en
- derdens, om hierdie rolle en roerverwagtinge deur middel van die insigte van poststrukturalisme te dekonstrueer en sodoende riglyne vir die kerk daar te stel om alternatiewe rolle vir gelowige mans en vroue te ondersteun.

Om hierdie doelstellings te bereik, word Michel Foucault se teorieë oor die wisselwerking tussen die teks en die leser, asook die subteks en die dieptestrukture in 'n teks gebruik.

2 Michel Foucault en die historiografie

Foucault word beskou as 'n nie-historiese historikus, 'n anti-strukturalistiese strukturalis, 'n humanistiese wetenskaplike (Dreyfus 1982:xiv). Foucault se vroeëre werke, *Madness and civilization* (1961) en *The birth of a clinic* (1972) sentreer om 'n analise van die historiese sisteme van institute en diskursiewe praktyke.

Binne sy hooftese dat geskiedenis grotendeels 'n illusie is en nooit 'waar' kan wees nie, maar hoogstens 'effektief', kontrasteer Foucault effektiewe geskiedenis met tradisionele geskiedenis. Tradisionele geskiedenis verwys volgens Foucault na die opspoor van bronne, die vasstelling van kontinuïteit, die vind van ooreenkomste en die tabellering van ontwikkelings met een of ander einddoel in sig. Tradisionele geskiedenis is

volgens Foucault 'n nasporing van die verlede as 'n volhardende en kontinue ontwikkeling (Schwartz 1992:37). Daarteenoor verwys effektiewe geskiedenis volgens Foucault (1977:154) na die raaksien van breuke en diskontinuïteite wat die eenheid van die subjek ontwrig en die soek na oorsprong en einddoel breek.

Foucault weier 'n tradisionele, ontwikkelingsmodel van die geskiedenis en wys die historiese wordingsproses as 'n kontinue verloop af. Daarom is dit vir Foucault moontlik om in *Madness and civilization* (1961) 'n diskontinue geskiedenis te skryf, nie oor die ontwikkeling van kranksinnigheid nie, maar oor die konstituering van kranksinnigheid as siekte (Bakker 1973:131).

Foucault is subjektief by die verlede betrokke. Hy lig nie slegs die 'belangrike' gebeurtenisse in die verlede uit nie, maar neem byvoorbeeld in *The birth of the clinic* (Foucault 1972:195) ook die bizarre gebeure wat in die verlede plaasgevind het, in ag. Geskiedenis is volgens Foucault 'n sosiale konstruksie. Daarom stel Foucault homself dit ten doel om die beginsels en konsekwensies van transformasie wat in die kennisveld plaasgevind het, so te beskryf (Foucault 1972:15) dat dit teleologiese geskiedskrywing ondermyne.

2.1 Foucault en die argeologiese geskiedskrywing

In sy argeologiese benadering doen Foucault ondersoek na die onderliggende diskourse wat die geskiedenis begelei. Foucault se *Archaeology of knowledge* is basies 'n geskiedenis van idees as argeologiese objekte (Berman 1988:183). Foucault se argeologiese benadering is 'n teorie oor diskouers² (Dreyfus 1982:xx). Foucault interpreer sy vroeër werke as die bestudering van die teorie van die menslike wetenskappe as diskouersobjekte (Foucault 1972:138). Met argeologie van menslike wetenskappe bedoel Foucault die dominante

diskoerse wat met 'n spesifieke historiese periode geassosieer word.

2.2 Foucault en die genealogiese geskiedskrywing

In *Discipline and punish* (Foucault 1977) in die eerste volume van *The history of sexuality* (Foucault 1980) pas Foucault genealogiese geskiedskrywing toe om die sonderlingheid van gebeure sonder finaliteit te rekordeer (Dreyfus 1982:106). Hy gaan hier selfs verder as met sy argeologiese benadering waarin hy onderliggende diskroerse in die geskiedenis blootgelê het. Vir die genealoog is daar geen onderliggende wette en geen metafisiese finaliteite nie. Foucault vervang die ontologie met 'n spesiale vorm van geskiedenis wat fokus op die kulturele praktyke wat die mens gekonstitueer het (Dreyfus:1982:122). Genealogie soek diskontinuïteite waar ander kontinuïteite vind. Genealogie vermy die soeke na dieptestrukture, maar lê veel eerder klem op die oppervlakte-betekenis van gebeure, kleiner detail, klein verskuiwings en subtiese kontoere (Dreyfus 1982:107).

Verder is daar volgens Foucault geen gefikseerde betekenis van 'n teks of van die wêreld nie (Dreyfus 1982:107). Alle interpretasie is aldus Foucault inherent arbitrêr. Genealogie laat die klem val op mag in plaas van op kennis soos in die argeologiese geskiedskrywing.

2.3 Foucault en die vorming van die objekte van die diskroers

Foucault (1961) toon onder andere in *Madness and civilization* aan hoe melaatsheid, kranksinnigheid en seksualiteit deur sosiale diskroerse gekonstitueer was en hoe kultuur individue in afhanglike objekte kan verander (Dreyfus 1982:3). Hy beklemtoon die tema van ruimtelike uitsluiting en kulturele integrasie asook kulturele diskontinuïteite.

2.4 Foucault en die leesproses

Die skrywer word in 'n poststrukturalistiese benadering onttroon (Reuman 1992:65). Die vraag in tradisionele kritiek was: Wat is die intensie van die skrywer? In 'n poststrukturalistiese benadering bepaal die teks die interpretasie en nie soseer die skrywer nie. Die skrywer asook die leser en sy/haar intensies, is nie langer bepalende faktore in die verstaan van die teks nie. Wanneer die teks as 'n diskursieve magsdiskoers gelees word, staan die diskokers, die diskursieve gebeurtenis en die anonieme mens in die sentrum van die verstaan van die teks as 'n diskursieve praktyk (Bakker 1973:156).

2.5 Foucault oor kennis en waarheid

Kennis word in 'n poststrukturalistiese model as sosiaal gekonstitueerd gesien. Kennis is in klassieke denke beskou as die totaliteit van die observasie wat deur middel van taal geklassifiseer en gekategoriseer is (Berman 1988:177). Kennis word in 'n poststrukturalistiese benadering as nie-neutraal gesien en met mag geassosieer (Gavey 1989:462). Foucault aanvaar nie kennis as objektief ('waar') nie, maar beskou dit veel eerder as een van die instrumente van sosiale manipulasie. Hy is van mening dat kennis nie moreel neutraal is nie. Kennis word in 'n poststrukturalistiese benadering geassosieer met mag, 'n benadering wat universelle waarheidsuitsprake vermy.

2.6 Foucault oor kennis en mag

Foucault (1972:115) is van mening dat mag en kennis mekaar direk impliseer. Foucault demonstreer in *The birth of a clinic* (Foucault 1973) dat die verskuwing van mag met die verskuwing in kennis gepaard gaan. Die mag agter objektiewe kennis moet volgens Foucault (1980:112) in *Power/Knowledge* uitgedaag word. Mag is 'n kwaliteit binne enige sosiale relasie.

Daar is volgens Foucault geen privaat domein van die lewe of die self wat nie deur mag gekonstitueer word nie (Coole 1993:88). Daar is volgens Foucault geen magrelasie sonder die korrelatiewe konstituering van 'n kennisveld nie, en daar is ook nie enige kennis wat nie terselfdertyd magrelasies voorveronderstel en konstitueer nie (Foucault 1977:27-28). Om mag te verstaan, is dit nodig om mag in die mees diverse manifestasies te ontleed eerder as om te konsentreer op 'n gesentraliseerde vorm van mag, soos Marxiste byvoorbeeld fokus op die mag in die hande van die elite of die regerende klas.

3 Die teologiese antropologie van die NederduitsE Gereformeerde Kerk

3.1 Vroue in die historiografie

Vroue het eeu lank die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) gedra. En tog is daar slegs enkele vroue wat 'n historiografiese rol in die kerkgeskiedenis van die NGK gespeel het. Die enkele vroue wat wel gedurende die eerste twee-en-'n-half eeu historiese beskrywing in hierdie geskiedenis ontvang het, kan op 'n mens se vingers getel word. Onder hulle tel Krotoa, 'n Khionavrou,⁴ Machtelt Smith, Marie du Toit, Louisa Meyburg, Cinie Louw en Magdalena Cilie. Die bydraes van hierdie vroue sou egter nie die dominante diskoorse, wat vroue as afhanklike subjekte gevange gehou het, verander nie.

3.2 Diskursiewe bydraes van Afrikaanse gereformeerde teoloë

Die diskursiewe praktyk in die NGK was dat die gesaghebbende diskoorse rondom vroue deur behoudende teoloë gevorm is, onder andere deur proff J Murray, N J Hofmeyer en Johan Heyns, wat die akademiese wêreld as

hulle institutionele ruimte gebruik het. 'n Epistemologiese keuse is in die NGK geneem vir 'n konfessioneel- gereformeerde standpunt, waarby die aanvaarding van die gesag van die Skrif as uitgangspunt vooropgestel word. Prominente NGK-teoloë het 'n keuse vir nie-skolastiese denke gemaak wat binne die grense van die Skrif wou bly. Hierdie konfessioneel-gereformeerde standpunt het veral in reaksie teen die 'liberalisme' ontwikkel, en sou gou 'n invloed op die teologiese antropologie van die NGK uitoefen.

Daar bestaan 'n duidelike relasie tussen die teologiese denkbeelde wat in latere jare in die teologiese antropologie van die NGK met betrekking tot ras en vroue te voorskyn sou kom, en die teologiese keuses wat die NGK met betrekking tot Skrifgesag en die Hoër Kritiek tydens die Du Plessis-kerksaak gemaak het. Die NGK-sinode van 1932 fungeer as panoptikoniese gesagsinstrument⁵ in die uiteindelike skorsing van Du Plessis. Aan die einde van die Du Plessis-kerksaak was die weg gebaan vir 'n teologiese antropologie waar daar op 'n fundamentalistiese wyse met die Bybel omgegaan sou word. Die NGK se epistemologiese keuse tot 'n behoudende konfessionele teologiese denkraamwerk sou in latere jare duidelik blyk in die teologiese diskoers oor die oopstel van die dienende, regerende, en lerende ampte vir vroue.

3.2.1 Heyns en die aard van vroue

Johan Heyns (1985:151) se konsepsuele kategorieë sou grotendeels vroue tot afhanglike objekte in 'n patriargale sisteem konstitueer. Die binêre opposisies wat fundamenteel tot Heyns se teologiese stellingname hoort, is onder andere: man/vrou, hoof/hulp, sterk/swak, taak/bevoegdheid, liggaam/siel, vader/moeder, gelyk/aanvulling, prosa/poësie, kerk/samelewing, kongurente/komplementerende, arbeidslewe/gesinslewe, verskeidenheid rolle/primêre taak.

Heyns se teologiese voorveronderstelings konstitueer uiteindelik die vrou as objek van die diskfers in die NGK.

Daar is 'n opvallende relasie tussen Heyns se teologiese voorveronderstelings oor die aard van vroue en die teologiese praxis in die NGK: Heyns se stellingname sou die raamwerk vir die teologiese antropologie van die NGK ten opsigte van vroue verskaf. Heyns verstaan die gesin by uitstek as patriargaal, naamlik dat vroue feitlik geen funksie buite die huis het nie. Hy beskou die man as die natuurlike hoof en die vrou as die man se ondergeskikte. Heyns stel die huweliksrolle as hiërgaries voor, naamlik die man as natuurlike hoof lei en die vrou volg. Hy erken die verskeidenheid rolle van die vrou as moeder, vrou, professionele werker, maar beskou moederskap en die vrou as tuisteskepper as die primêre taak van die vrou (Heyns 1985:138). Heyns beskou die ondergeskikte posisie van vroue as 'n Godgegewe skeppingsorde, en vestig daarmee patriargale, dualistiese, hiërgariese teologiese denkbeelde in die NGK.

3.3 Die institusionalisering van vrouewerk

Die stigterslede van die Vrouesendingbond (VSB) was mej A P Fergusson, mev Andrew Murray en mej Spijker. Mej Fergusson van die Hugenote Seminarie het haar veral beywer vir die stigting van 'n verenigde vrouesendingvereniging (Cronje 1984:18). Die Vrouesendingbond fungeer as oppervlak van ontstaan, dit wil sê as ruimte waar vroue as objekte van die diskfers gevorm is. Vroue in geslagtelik aparte vereniging strukture dra uiteindelik 'n digotomiese teologiese antropologie die NGK in. Die vroue was van die beginjare bereid om onder die toesig van die kerkraad en betrokke sinodale kommissies te werk.

Vanaf 1973 word die Vrouesendingbond stelselmatig in al die sinodale gebiede van die NGK getermineer totdat dit teen

1981 heeltemal ontbind het. Nuwe benaminge is aan vrouestrukture gegee, naamlik Bond van Dienaresse, Vrouevereniging, Vroueaksie, Vrouediens, ensovoorts. En tog het die onderliggende teologiese antropologie gebly, en die gevinstigde kultuur met betrekking tot vroue bly voortlewe: Vroue was spiritueel in aparte vrouverenigings geïntegreer, en steeds uit die besluitneming strukture gelaat.

3.4 Die ampte diskloers

Die wêreldwye diskloers oor vroue in die ampte het reeds in die 1960's begin, maar dit was eers by die NGK-sinode van 1982 waar die amp as diaken vir vroue oopgestel sou word. Die oopstel van die amp vir vroue kan toegeskryf word aan internasionale, en in 'n mindere mate aan 'n klemverskuiwing in die hermeneutiek van die NGK. Gedurende die tagtigerjare vind 'n effense paradigmatische verskuiwing in die leesproses van die Skrif in die NGK plaas. Die klemverskuiwing het onder andere beteken dat Bybelse uitsprake nie net as tydlose norme gesien is nie, maar dat uitsprake ook in die lig van die spesifieke omstandighede, die *Sitz im Leben*, van die Bybelskrywers verstaan is (Combrink 1990:328).

4 Die teologies-antropologiese onderbou van die NederduitsE Gereformeerde Sending Kerk, NederduitsE Gereformeerde Kerk in Afrika en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

4.1 Vroue in die historiografie

Die ervaring van swart vroue word nie in die geskiedskrywing van die Nederduitse Gereformeerde Sending Kerk (NGSK), Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (VGKSA) verteenwoordigend verdiskonter nie. Een van die min vroue

wat dit in die historiografie van die NGSK vermeld word, is Anna Thembo. Sy staan bekend as Suster Nannie, en het 'n groot rol in die rehabilitering van prostitute gespeel (Plaatjies 1998). Verder is vroue afwesig, onsigbaar, swygend in die teologiese antropologie van die swart Gereformeerde kerkvaders. Verwysings na vroue in die teologie van die NGSK en die NGKA is gefragmenteerd en teologiese beredenering toon nie 'n logiese geheel nie. Daar word in die afwesigheid van vroue óor vroue gepraat, gedink en tot beslissings gekom. Die NGSK en die NGKA het nie veel gedoen om die teologiese antropologie met betrekking tot vroue paradigmaties te verskuif nie.

4.2 Diskursiewe bydraes van swart gereformeerde teoloë

Vir die eerste honderd jaar van die geskiedenis van die NGSK en NGKA was die sinodes van die NGK die institutionele ruimte waar vroue van die voormalige NGSK en die NGKA as objekte van die diskfers gevorm is. Sedert die 1970's lewer swart gereformeerde teoloë stelselmatig kritiek op die NGK se teologiese antropologie. Die dominante diskfers van die voormalige NGSK en NGKA gedurende die sewentigerjare was swart teologie en gereformeerde identiteit. 'n Toenemende breuk met die wit teologiese denkkraamwerk vind gevvolglik plaas, en die mens se stryd om sosiale geregtigheid word in die sentrum van teologiese belangstelling geplaas. Die invloed van swart teologie moet egter gesien word as 'n reaksie teen die teologiese regverdiging van apartheid deur die NGK, terwyl die vrouevraagstuk gedurende die stryd om sosiale geregtigheid geïgnoreer is.

4.2.1 Boesak en die (afwesigheid van die) vrouevraagstuk

In 1986, met Allan Boesak se verkiesing as moderator van die NGSK, kom daar final 'n einde aan die aanvaarding van die

teologiese antropologie van die NGK ten opsigte van ras. Alhoewel vroue sedert die 1982-sinode van die NGSK tot die amp van predikant herstel is, duï dit nie op 'n verskuwing in die teologiese antropologie van die NGSK ten opsigte van vroue nie, aangesien dit tien jaar sou duur voordat die eerste vrou as predikant beroep sou word. Tans, 23 jaar later, is daar in die VGKSA slegs vier vroue dienend as predikante.

Alhoewel Boesak 'n merkwaardige bydrae tot die besinning van die relasie tussen swart teologie en gereformeerde identiteit gelewer het, het hy nie die vroue kwessie binne die raamwerk van 'n swart gereformeerde identiteit geplaas nie. Boesak hanteer geen enkele keer in sy talryke Bybelstudies, preke, toesprake, artikels en publikasies die vrouevraagstuk nie. Eers in 2005 sou Boesak, en dit in 'n populêre werk, *Die vlug van Gods verbeelding*, tradisionele sienings van ses vroue uit die Bybel dekonstrueer en hulle heropbou in hulle stryd om geregtigheid.

4.3 Vroue as diskloers objekte

Meer as 'n eeu lank was daar 'n sterk relasie tussen die sinodale besluite, teologiese voorveronderstellings, kerkordelike bepalinge, reglemente en teologiese literatuur van die NGK, en die konstituering van vroue in vereniging strukture in die NGSK en NGKA. Die sosiale relasies tussen wit/swart, mans/vroue in die NGSK, NGKA en VGKSA was diskursiewelik deur taal gekonstitueer en versterk. Sedert die stigtingsinode in 1881 tot en met die NGSK-sinode van 1924 is verwysings na vroue in amptelike bronne van die NGSK en die NGKA afwesig. Eers sedert 1924 sou die vrouevraagstuk op die sinodes van die NGSK en die NGKA fungeer, alhoewel vroue in die teologiese antropologie nooit as 'n selfstandige tema in die NGSK of die NGKA ontwikkel is nie. Die posisie van vroue in die teologiese antropologie is beslis nie een van die belangrikste vraagstukke

waarmee die NGSK geworstel het nie. Sinodale uitsprake oor vroue word gekenmerk deur diskontinuïteit, fragmentasie en inkonsekwendhede.

4.3.1 *Die institusionalisering van vrouewerk*

Sedert 1924 sou vroue lidmate van die NGSK asook die NGKA op 'n geïnstitutionaliseerde wyse betrokke wees by die sending en maatskaplike hulpverlening. Dit hang saam met die ontwikkeling in beide die NGSK en die NGKA van die geslagtelike verenigingsmodel waar mans en vroue op 'n digotomiese wyse in hul dienswerk in die kerk geskei sou word. Die ontwikkeling van die vrouevereniging in die NGSK geskied op die initiatief en sendingywer van die Vrouezendingbond van die NGK (Acta NGK 1928:59, 3b). Die VSB sou 'n groot rol speel in die inisiëring, reglementering en die ontwikkeling van aparte geslagtelike strukture in die NGSK en die NGKA. Die VSB het vanaf die beginjare die geestelike, maatskaplike en opvoedkundige opheffing van beide die NGSK en die NGKA op 'n rasste grondslag aangespreek. So is die werksaamhede van vroue op 'n rasste- en geslagtelike basis in die NGSK en die NGKA gekonstitueer.

4.3.2 *Die grense van die diskursiewe objekte*

Sedert 1932, twee jaar na die stigting van die Christelike Sending Bond (CSB), word die werksaamhede van vroue in die NGSK gereglementeer. Die reglement van die CSB was op die Elfde Vergadering van die Sinode van die NGSK (1932) goedgekeur. Wysigings van die grondbepalings was onderhewig aan die goedkeuring en bekragtiging deur die Sinode. Hiermee word die grense verskaf waarbinne vroue voortaan as diskursiewe objekte mag optree en handel. Die aktiwiteite van vroue as diskursiewe subjek sou voortaan deur die reglement bepaal word.

Die CSB en Vroueevereniging funksioneer as een van die ruimtes waar vroue as subjekte van die diskfers gevorm is. Vroue word as afhanglike subjekte deur die omskrywing van die taak en bevoegdhede van vroueeverenigings gekonstitueer. Die vroue in vroueevereniging strukture was van nie-lede en ander geslagte deur middel van 'n hiërargiese geslagtelike verenigingsmodel geïsoleer. Die reglemente vir vroueeverenigings in beide die voormalige NGSK en die NGKA is sedert die stigtingsjare deur die onderskeie sinodes goedgekeur sonder om dit inhoudelike aan theologiese evaluering te onderwerp. Die aparte strukture vir vroue lidmate lei daar toe dat lede van die vroueeverenigings geestelik en sosiaal geïsoleer was van die gewone lidmate wat nie in die diensorganisasie betrokke was nie. Vroue was apart, maar was onder patriargale beheer van die kerkvaders.

4.3.3 'n Verskuwing in die lees proses

In 1982 word vroue deur die Sinode van die NGSK tot die amp van predikant herstel. Die besluit van die Sinode sou nie noodwendig die theologiese voorveronderstellings, patriargale wêreldbeeld, tradisies of die hermeneutiek verskuif nie. Die oppervlaktestrukture was op die Sinode verskuif, maar die lees proses het onveranderd gebly en daarmee saam die dominante diskfers wat vroue gevange hou.

5 Die dekonstruering van die Afrikaanse Gereformeerde theologiese tradisie

Die dominante diskfers waarop die Afrikaanse gereformeerde tradisie rus, is dat die rolle en funksies van vroue in die kerk en samelewing biologies bepaal en goddelik verorden is. Die doel van hierdie subseksie is om die fundamentele diskfers van die Afrikaanse gereformeerde tradisie na 'n poststrukturalistiese diskfers te verskuif waarbinne die historiografieë,

antropologiese voorveronderstellings, dualistiese denkraamwerke, taalkonstruksies, die enkelnatuurmodel, die epistemologiese voorrang van vroue, en die materiële basis van mag aan die hand van poststrukturalistiese insigte gedekontrueer word. Daarmee word riglyne aan die kerk, dit is die NGK en VGKSA, gegee om, saam met vroue, anders met vroue te lees, te leer en te leef.

5.1 Die dekonstruksie van die theologiese antropologie

5.1.1 Historiografie

In 'n poststrukturalistiese feministiese diskous word historiese gegewens aan die hand van die poststrukturalistiese insigte van Foucault oor argeologiese geskiedskrywing gedekontrueer. Gevolglik word daar onder ander op die volgende klem gelê:

- 'n Historiese benadering word gebruik wat van die veronderstelling uitgaan dat geskiedenis 'n sosiale konstruksie is (Foucault 1976 [1978]:178).
- Die konsepsuele kategorieë wat historici gebruik, skep bepaalde veronderstellings oor die historiese subjekte. Seksistiese, patriargale, androsentriese metafore en beelde word in 'n poststrukturalistiese historiese benadering gedekontrueer (Frader 1994:225).
- 'n Poststrukturalistiese benadering erken dat taal nie slegs gebruik word om oor sosiale realiteite en historiese konteks te besin nie; taal konstitueer historiese gebeure en die menslike bewussyn (Canning 1994:370).
- 'n Poststrukturalistiese historiese analyse ondersoek die onderliggende diskous in die teks (Bakker 1973:34).

5.1.2 Antropologie

In 'n poststrukturalistiese feministiese diskloers word die antropologiese voorveronderstelings gedekonstrueer. Dientenvolge word daar op die volgende klem gelê:

- Die houdings en sosiale strukture wat vroue struktureel verdruk, onderdruk en op 'n geslagtelike wyse marginaliseer, word getransformeerd. Daar word dus nie slegs op die opheffing van biologiese verskille gekonsentreer, soos in die geval van die enkelnatuurmodel, nie (Graff 1995:28).
- 'n Dualistiese, patriargale, androsentriese antropologie word verskuif na 'n relasionele, transformatiewe antropologie, waar die volle humaniteit van alle mense ondervang word, ongeag ras of geslag of klas. Die klem val in die transformatiewe antropologiese model op die eenheid en gelykheid tussen die twee geslagte (Buckley 1979:59).

5.1.3 Dualisme

In 'n poststrukturalistiese feministiese diskloers word dualistiese denkkraamwerke gedekonstrueer. Gevolglik word daar op die volgende klem gelê:

- Westerse dualisme is nie slegs beperk tot seksualiteit nie, maar dit word verder sosiologies geprojekteer as klasse-, ras- en etniese dominasie (Graff 1995:26). Dekonstruksie strek dus verder as om die dualisme slegs tussen geslagte te ondernym.

- Daar word wegbeweeg van 'n dualistiese, hiërargiese, antroposentriese, androsentriese, patriarchale en universele theologiese denkraamwerk na 'n holistiese integrasie van liggaam en denke (Ackerman 1992:53).
- Die insig word bevorder dat alle menslike konstruksies van denke relatief en feilbaar is.
- Die gemeenskaplike interafhanklikheid van geslagte, die gelykwaardigheid van alle mense ongeag ras, geslag, kleur, afkoms of kultuur word gehandhaaf. 'n Paternalistiese, patriarchale antropologie word verskuif, en holistiese beeld word gevind wat die volle mensheid van alle mense ongeag ras, klas of geslag beklemtoon (Ackerman 1992:14).

5.1.4 Taal

In 'n poststrukturalistiese feministiese diskouers word taalkonstruksies gedekonstreeer aangesien:

- die *binêre opposisies* na die dieptestrukture, dit is die dominante diskouerse, die sosio-ekonomiese realiteite waarop die teks gebaseer is, verwys. Die dominante diskouerse kan nie deur die herlees of herinterpretasie van die oppervlak inligting van die teks verander word nie (Milne 1989:21-23),
- die taal waarin geskryf en gepraat word, het nie net grammatale en ortografiese implikasies nie, maar reflekter die sosiale realiteite. Daar is 'n voortdurende wisselwerking tussen taalgebruik en die sosiale strukture (Ackerman 1992:19),
- eksklusiewe taal in die konstruering van stereotipes gebruik word. Met inklusiewe taal daarteenoor, word nie die meganiese gelykopverdeling van manlike en vroulike taalvorme of die omruiling van rolle van mans en vroue bedoel nie. Die poststrukturalistiese feministiese benadering

se doel is nie om een stel stereotipes slegs deur 'n ander te vervang nie. 'n Poststrukturalistiese feministiese benadering wil seksistiese taal en klassieke feministiese taal na vennootskaplike taal transformeer.

5.1.5 Vroue as diskopersobjek

5.1.5.1 Die enkelnatuurmodel

In 'n poststrukturalistiese feministiese diskopers word vroue as diskopersobjekte gedekonstrueer. Gevolglik word

- biologiese essensialisme (die biologiese verskille tussen mans en vroue) as verduideliking vir die ongelykhede tussen geslagte verwerp. Daar is dus geen individuele, pre-eksistensiële, geslagtelike objek wat voor die diskursiewe konstruksie van geslag bestaan nie (Pitt 1998:398),
- universele waarheidsuitsprake oor vroue/mans vermy. Daar is nie 'n tipiese universele vroulike en 'n tipiese universele manlike aard nie (Ruether 1983:70),
- daar van die veronderstelling uitgegaan dat die digotomie tussen die geslagte, die dualisme tussen mans en vroue, wat die verstand assosieer met alles wat manlik is en die liggaam met alles wat vroulik is, deur die dominante diskopers gekonstitueer word (Pitt 1998:402),
- daar van die verdere veronderstelling uitgegaan dat konsepte soos klas, ras, seksualiteit en geslag binne diskursiewe velde gekonstitueer is en dus veranderlik is (Dolan 1989:59).

5.1.5.2 Epistemologiese voorrang van vroue

In 'n poststrukturalistiese benadering vind 'n verskuiwing weg van die epistemologiese voorrang van vroue plaas. Dientengevolge

- het die epistemologiese voorrang van vroue inherent in 'n poststrukturalistiese benadering geen essensiële betekenis nie. Die vroue-ervaring as epistemologiese voorrang, as beginpunt in die teologiese refleksie, word deur 'n poststrukturalistiese benadering verskuif, aangesien daar geen beginpunt of eindpunt in 'n poststrukturalistiese benadering is nie. Beteenisvolle ervaring word immers deur taal gekonstitueer (Gavey 1989: 461),
- geniet vroue-ervaring nie 'n epistemologies bevoorregte posisie ten opsigte van die waarheid nie (Dolan 1989:60). Poststrukturalisme bevraagteken die outentisiteit van ervaring as waarheid (Dolan 1989:64),
- word valse universalisme en die fragmentering van mans en vroue in verskillende geslagtelike strukture vermy. Daar kan dus nie in 'n universele stem van vroue- ervaring gepraat word nie.

5.1.5.3 Magsgebaseerde verhoudings

In 'n poststrukturalistiese diskouers word verdrukkende, hiërargiese, magsgebaseerde verhoudings gedekonstrueer. Dit volg dan dat

- mag nie langer gesien word as iets wat een groep mense oor ander uitoefen nie (Pitt 1998:398). Postfeminisme sien mag as die energie wat mense in mekaar loslaat,
- dit nie genoeg is om slegs androsentrisme, rassisme, sekisme, klassisme en die patriargie aan te val nie (Coole 1993:89). 'n Poststrukturalistiese benadering l voorts die materiële basis van mag bloot (byvoorbeeld sosiaal, ekonomies, kultureel) en ontwikkel die behoefté aan verandering op hierdie vlakke (Gavey 1989:464),
- magsgebaseerde verhoudings verskuif word na venootskaplike verhoudings wat nie-dualisties en nie-hiërargies van aard is (Howell 1997 :233).

5.1.6 Die verskuiwing in die leesproses

5.1.6.1 Die *imago Dei*

'n Poststrukturalistiese hermeneutiek gaan van die veronderstelling uit dat

- nuwe en inklusiewe metafore nodig is om God te verbeeld (Ackerman 1992:19),
- die Bybelse tekste 'n patriargale onderbou het, en dat sowel die oueurs as die leser deur patriargale denkraamwerk beïnvloed word in die patriargale voorstelling van God,
- nie slegs 'n herlees van die Bybelse tekste nodig is nie, maar dat 'n dekonstruksie van die diskosiese wat die patriargale Godsbeeld onderlê, noodsaaklik is.

5.1.6.2 Bybelse eksegese

'n Poststrukturalistiese hermeneutiek neem voorts kennis dat

- Bybelse eksegese gehelp het om 'n androsentriese patriargale antropologie te skep,
- die Bybelteks nie 'n universele perspektief verteenwoordig nie, maar slegs die perspektief van een gedeelte van 'n geloofsgemeenskap, naamlik die manlike gedeelte van Bybelse Israel (Milne 1989:27). Die probleem lê in die dieptestrukture van die teks en nie slegs in die interpretasie van die teks nie.

6 TER AfsluitING

Die historiografie, antropologie, enkelnatuurmodel, die epistemologiese voorrang van vroue, magsgebaseerde

verhoudinge, imago Dei en Bybelse eksegese is in hierdie artikel aan die hand van die insigte van Foucault en die benaderings van poststrukturalistiese feministe gedekonstreeer. Die fundamentalistiese, dualistiese, digotomiese, patriargale, androgene, universele, androsentriese, seksistiese, hiérargiese, rassistiese, subjektivistiese basis van die teologiese antropologie van die Afrikaanse gereformeerde tradisie is in die proses verskuif na 'n diskfers waar die volgende rigtingwysers is: inklusiwiteit, holisme, relationaliteit en transformasie.

7 BRONNE GERAADPLEEG

- Ackerman, D 1992. Defining our humanity: Thoughts on feminist anthropology. *Journal of Theology for Southern Africa* 9(79).
- Baker, M 1998. Feminist post-structuralist engagements with history. *Re-thinking History* 2(3).
- Bakker, R 1973. *Het anonieme denke: Michel Foucault en het strukturalisme*. Baarn: Wereldvenster.
- Berman, A 1988. *From the new criticism to deconstruction: the reception of structuralism and post-structuralism*. Urbana: University of Illinois Press.
- Buckley, M 1979. The rising of women is the rising of race. *CTSA* 34.
- Canning, K 1994. Feminist history after the linguistic turn: Historical discourse and experience. *Signs* 19.
- Coole, D 1993. Constructing and deconstructing liberty: A feminist and poststructuralist analysis. *Political Studie* 41.
- Combrink, H J B 1988. Strukturalisme, 'n herwaardering is nodig? *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 29(2).

- Combrink, H J B 1990. Die krisis van die Skrifgesag in die gereformeerde eksegese as 'n geleentheid. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 31(3).
- Cronje, J M 1984. *Vroue met nardusparfuum*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Danaher, G, Schrato, T & Webb, J 2000. *Understanding Foucault*. London: Sage.
- Dolan, J 1989. In the defense of the discourse: Materialist feminism, post-modernism, poststructuralism ... and theory. *TRD* 33.
- Dreyfus, H L 1982. *Michel Foucault: Beyond structuralism and hermeneutics*. Brighton: Harvester.
- Foucault, M 1961. *Madness and civilization: A history of insanity in the age of reason*. Vertaal deur R Howard [1965]. New York: Pantheon Random House.
- Foucault, M 1969. *Archaeology of Knowledge*. Translated by A M Sheridan Smith [1972]. London: Tavistock.
- Foucault, M 1972. *The birth of a clinic: an archaeology of medical perception*. Vertaal deur A M Sheridan Smith [1972]. New York: Tavistock.
- Foucault, M 1976. *History of sexuality Vol 1: An introduction*. Vertaal deur Hurley [1978]. New York: Vintage Books.
- Foucault, M 1977. *Discipline and punish the birth of a prison*. Vertaal deur A M Sheridan Smith [1979]. New York: Pantheon.
- Frader, L L 1994. Dissent over discourse: Labor history, gender and the linguistic turn. *History and Theory* 34(4).
- Gavey, N 1989. Feminist poststructuralism and discourse analysis. *Psychology of Woman Quarterly* 13.

- Graff, A (red) 1995. *In embrace of God: Feminist approaches to theological anthropology*. New York: Orbis Books.
- Harland R 1987. *Super structuralism: the philosophy of structuralism and post-structuralism*. New York: Methuen.
- Heyns, J A 1985. *Teologiese etiek*. Kaapstad: NG Kerkboekhandel.
- Heyns, J A 1988. *Dogmatiek*. Kaapstad: NG Kerkboekhandel.
- Howell, N R 1997. Ecofeminism: What one needs to know. *Zygon* 32.
- Milne, P J 1989. The patriarchal stamp of Scripture. *Journal of Feminist Studies in Religion* 5.
- Milne, P J 1992. Feminist interpretations of the Bible: Then and now. *Bible Review* 8(5).
- Pitt, S 1998. Representing otherness feminism, logicentrism and the discipline of history. *Rethinking History* 2(3).
- Plaatjies, M A 1998. Is die kerk Middeleeus? 'n Kritiese studies oor die geloofs- en kerklike praksis met betrekking tot prostitutie in die NGK-familie in die Kaapse Skiereiland. MTh-verhandeling: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Ruemann, J 1992. After historical criticism, what? Trends in Biblical interpretation and ecumenical, interfaith dialogues. *Journal of Ecumenical Studies* 29.
- Ruether, R 1983. *Sexism and Godtalk: Toward a feminist theology*. Boston: Beacon.
- Schwartz, R M 1992. Poststructuralism as exegesis. *Seimeia* 51.

ENDNOTAS

- 1 Hierdie artikel is gebaseer op die proefskrif ‘Vroue in die Teologiese Antropologie van die Afrikaanse Gereformeerde tradisie’, wat in 2003 deur M A Plaatjies aan UNISA voltooi is met prof C Landman as promotor en prof E van Niekerk as mede-studieleier.
- 2 Volgens Foucault is taal altyd in die diskfers gelokaliseer (Gavey 1989:464). Diskfers verwys na die konstituering van betekenis binne ‘n spesifieke groep, kultuur en/of historiese periode en wat voordurend verander (Gavey 1989:464). Hierdie diskferse ondersteun bestaande magsrelasies en, deur taal, konstitueer die subjektiviteit van mense op ‘n gegewe plek en tyd (Gavey 1989:463).
- 3 Die sogenoamde Khoi-Khoi het hulself Khoina genoem [NG Kerk 350:2002:34].
- 4 In die Panoptikoniese skema van mag word die inwoners deurlopend gemoniteer. “In the periphery ring, one is totally seen, without ever seeing, in the central tower, one sees evenly without ever being seen” (Foucault 1977:202).

M-A Plaatjies & C Landman

M-A Plaatjies & C Landman
